## WILLEM JOHANNES DE KOCK (26.1.1917—15.8.1970)

Met die afsterwe van dr. W. J. de Kock het Suid-Afrika een van sy bekwaamste historici verloor. Aangesien hy, naas sy veelvuldige werksaamhede, ook op die redaksie van *Historia* gedien het en, veral vroeër, 'n baie aktiewe lid van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika was, is dit 'n gevoelde behoefte van die redaksie om hiermee 'n kort waardering aan sy lewe en werk te wy.

Gebore op die plaas *Uitvlugt* in die Swartland het hy sy skoolonderrig op Malmesbury ontvang en daarna aan die Universiteit van Kaapstad gaan studeer. Hier behaal hy die B.A.-graad met Geskiedenis en Afrikaans as hoofvakke, beide met onderskeiding, en daarna, in 1938, die M.A.-graad in Geskiedenis. Sy leermeesters was o.a. proff. H. J. Mandelbrote en E. A. Walker. Sy M.A.-verhandeling gaan oor *Federation and confederation in South Africa 1870-1880, with special reference to the Cape Colony,* waarvoor hy die Chalmers-gedenkprys ontvang het.

Die volgende jaar, 1939, behaal hy die B.Ed.-graad op grond van 'n verhandeling met, weer eens, 'n historiese tema, nl. *Die Kaaplandse onderwysberoep onder sir Langham Dale, 1859-1892.* Hierna gee hy onderwys agtereenvolgens aan die Jan van Riebeeck-hoërskool in Kaapstad en die Gimnasium Hoër Jongenskool in die Paarl, terwyl hy in 1941 'n vaste betrekking aan die Outeniqua-hoërskool op George aanvaar. Hy was ook tydelik verbonde aan die Wesley-opleidingskollege in Kaapstad.

In 1942 begin hy aan 'n proefskrif te werk onder leiding van prof. H. B. Thom van die Universiteit van Stellenbosch. In 1944 neem hy 'n jaar verlof om hom voltyds aan navorsing te wy, daartoe in staat gestel deur 'n beurs van die Nasionale Navorsingsraad. Sy D.Phil.-graad in Geskiedenis behaal hy in 1946 op grond van 'n proefskrif, *Ekstra-territoriale vraagstukke van die Kaapse regering (1872-1885), met besondere verwysing na die Transgariep en Betsjoeanaland,* wat in die Argiefjaarboek, 1948 deel I, gepubliseer is.

Op sy leermeesters het hy indruk gemaak. Prof. Mandelbrote getuig: „He has sound judgment, a good memory and infinite capacity for hard work." Prof. H. B. Thom se oordeel was: „Sy stelling van feite en gevolgtrekkings is . . . helder en goed gebalanseerd, sodat ek stellig meen dat sy dissertasie 'n vername bydrae tot ons historiese literatuur sal wees." Hy ag hom 'n jong man wat as historikus nog ver sal gaan.

As onderwyser was dr. De Kock 'n groot sukses. A. J. Werth, indertyd volksraadslid van George en self 'n onderwysman, maak gewag van die „verbasende invloed" wat hy op sy skoolkinders gehad het — „hulle dweep met hom" —, roem sy bedrywighede as kultuurleier en ag hom „in die wieg gelê as historikus". Sy skoolhoof, G. J. B. Volschenk, maak onder andere gewag van sy welsprekendheid en vloeiende skryftrant: „Hy besit die mag van die woord." Hierdie uitlatings wat uit die begin van sy loopbaan dateer, was nie oordrewe nie, soos elkeen kan getuig wat sy latere werksaamhede geken het.

Op 1 Januarie 1948 is dr. De Kock aangestel as lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Behalwe wat sy doseerwerk en navorsing betref, het hy in Pretoria veral begin belangstel in die historiese museumwese en die radiowese. Tydens die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949 het hy 'n belangrike aandeel aan die uitstalling van historiese voorwerpe wat die nucleus gevorm het van die huidige Voortrekkermuseum aldaar. Tydens die eeufees van Pretoria in 1955 het hy



*Wyle prof. W. J. de Kock.*
(Foto: *Die Burger*)

weer meegewerk aan 'n historiese uitstalling, veral van foto-materiaal, wat met die geskiedenis van dié stad in verband staan, terwyl hy die bekende gedenkboek van die stadsraad, *Pretoria 1855-1955*, geredigeer en self 'n hoofstuk of wat daartoe bygedra het.

Vanaf 1 Julie 1951 is dr. De Kock as tydelike argivaris aangestel om, hoofsaaklik in Nederland, argiefmateriaal in verband met die Tweede Vryheidsoorlog te gaan insamel. Hierdie taak het hy op bekwame wyse uitgevoer en terselfdertyd die verrykende invloed van die Europese intellektuele lewe ondergaan. As argivaris-attaché by die Suid-Afrikaanse ambassade in Den Haag het hy toegang gekry tot belangrike persone en argiefversamelings. Die vonds waarop hy die trotsste was, was 'n doos met dokumente wat die Voortrekkers van Natal aan koning Willem II gestuur het. Die doos met 'n ontwerp van die Natalse Voortrekkervlag buite-op, bevat dokumente met betrekking tot die afstand van Natal aan die Voortrekkers. Dit is nog in Nederland.

Aan die einde van 1954 keer dr. De Kock en sy gesin terug na Pretoria, waar hy intussen tot senior lektor aan die Universiteit van Pretoria bevorder is. Na 'n verdere vyf jaar keer hy egter terug na die Boland toe hy met ingang 1 Januarie 1960 'n professoraat aan die Universiteitskollege van Wes-Kaapland aanvaar.

Aan hierdie toe pas gestigte inrigting moes hy uiteraard pionierswerk doen en fondamentstene lê, maar reeds in 1962 sê hy die onderwysberoep vaarwel om hoofredakteur van die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* te word, 'n projek wat hy self vroeër herhaaldelik bepleit het. Om goed op hoogte te kom van die taak wat op hom gewag het, is hy in staat gestel om 'n uitgebreide reis oorsee te onderneem en die hoofkantore van dergelike biografiese woordeboeke in Nederland, België, Engeland, Frankryk, Duitsland, Italië, Kanada, die V.S.A. en Australië te besoek. In 1963 begin hy met die organisasie van die groot werk, waarvan die eerste deel (beide in Afrikaans en in Engels) in Augustus 1968 verskyn het. Kort voor sy dood was al die materiaal vir die tweede deel gereed vir publikasie.

Dit is jammer dat dr. De Kock nie gespaar is om hierdie groot werk verder te voer nie. Hy het egter die basis daarvoor gelê, die weg vorentoe uitgebaken, 'n groot aantal medewerkers gevind en aan hulle die nodige riglyne verskaf. Volgens kritici vergelyk die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* goed met dergelike publikasies oorsee. Dit is te hope dat hierdie werk sonder te groot onderbreking voortgang sal vind.

Van September 1968 tot Februarie 1968 was dr. De Kock weer op reis om dokumentasiemetodes in opdrag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing te ondersoek. Hy het Europa, die V.S.A., Japan, Taiwan, Hongkong en Australië besoek.

Benewens sy proefskrif het van sy hand verskyn: *Die Krugerhuis* (1948 en 1958), eintlik 'n uitgebreide gids vir besoekers; *Portugese ontdekkers om die Kaap* (Kaapstad, 1957), 'n buitengewoon bruikbare en

uitstekend saamgestelde handboek; *Jacob de Villiers Roos, 1869-1940* (Kaapstad, 1958), 'n kort biografie; *Die joernaal van Paravicini di Capelli* (Van Riebeeck-vereniging, nr. 46). Ten tye van sy dood was hy besig met die persklaarmaak van nog 'n uitgawe van die Van Riebeeck-vereniging, nl. Valentyn se *Oud en Nieuw Oost-Indië.* Origens het hy bydraes gelewer tot verskeie ander boeke, o.a. *Gedenkboek van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1949), *Ad Destinatum. Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria* (Johannesburg, 1960), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria en Kaapstad, 1968).

Soos hierbo aangehaal, het hy inderdaad „die mag van die woord" gehad, veral van die geskrewe woord. Hy was 'n stilis soos daar weinig ander in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gevind kan word. Na aanleiding van die twee hoofstukke wat hy tot laasgenoemde werk bygedra het, nl. oor die Portugese ontdekkingsreise en oor die Tweede Vryheidsoorlog, skryf dr. W. Ph. Coolhaas in 'n resensie: „Hij is so een uitstekend verteller, dat men de onderwerpen, waarover hij schrijft, niet graag anders aangepakt zien." En verder: „Het relaas, dat De Kock daarover in 30 bladzijden geeft, is even boeiend als instructief, het gaf mij meer inzicht dan de vele turven, die ik er vroeger over heb gelezen" (*Zuid-Afrika,* 46ste jg. nr. 11 en 12).

Dr. De Kock was 'n gereëlde medewerker van *Historia.* Uit die jaar 1956 (jg. I nr. 1) dateer 'n pleidooi vir die stigting van 'n nasionale prentekabinet, een van sy mees gekoesterde ideale wat hopelik nog eendag 'n werklikheid sal word. „Ons kan met veiligheid van die standpunt uitgaan," skryf hy, „dat prentemateriaal nie alleen 'n effektiewe middel is om belangstelling in die dinge van gister by groot en klein op te wek nie, maar vanself ook 'n spoorslag sal vorm om onverskilligheid teenoor die bewaring van ons erfgoed in die hand te werk sover dit die foto's en dokumente in familie-besit betref, waarvan ons in die verlede al soveel deur gruwelike onkunde en agtelosigheid verloor het".

Later raak hy die onderwerp weer aan in 'n referaat voor die tweede jaarkongres van die Historiese Genootskap (*Historia,* jg. II nr. 3) oor wat hy noem *Lewende verlede. Voorwerp en beeltenis in die Geskiedenis.* „Skilderye, etse, sketse, tekeninge en foto's", het hy by die geleentheid gesê, „is vir die historikus van die allergrootste waarde as aanvulling by die geskrewe dokument en as kragtige middel om die historiese suggestie te wek ook by die jeugdiges, om warmte te gee en atmosfeer, om die soekende herbouer van die verlede daardie enigste bruggie te bied tussen die verdwene werklikheid en die geskrewe tekens daarvan wat hy in sy dokumente kry." In dieselfde referaat lewer hy ook 'n pleidooi vir die historiese museumwese en die bekendstelling van historiese terreine. Hoe inderdaad „lewend " die verlede vir hom was, kan elkeen getuig wat saam met hom by geleentheid die Kaapse Skiereiland, of die slagvelde van Natal, of watter ander historiese terrein ook al deurreis het. Ook het sy optrede oor die radio deur die hele land waardering en bewondering afgedwing.

Sy opvatting oor die wese van die Geskiedenis het hy een keer in 'n kort referaat opgesom (*Historia*, jg. IX, nr. 3). Daaruit blyk veral die eerbied of ontsag waarmee hy die verlede benader het. „Wanneer ons dan oor die wese van die geskiedenis praat," het hy o.a. gesê, „pas dit ons om dit te doen met veel nederigheid, in dié sin dat die geskiedenis die mens se hele ervaring van die verlede omvat, soos die ou Latynse skrywer dit uitdruk *quidquid agunt homines*, alles wat die mens beleef en bedryf het . . . Hoe pateties karig lyk dan ons kennis, selfs die kennis van die geleerdste onder ons, as ons dit stel teenoor so 'n oneindige potensiële inhoud."

Prof. De Kock was 'n aktiewe lid van verskeie liggame wat met die geskiedenis in verband staan, o.a.: die Van Riebeeck-vereniging (raadslid en waarnemende voorsitter), die raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, die Stigting Simon van der Stel (stigterslid), die Vriende van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, die bestuur van die Suid-Afrikaanse Genealogiese Vereniging (ook stigterslid), die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde.

Gedurende sy verblyf op George het dr. De Kock in die huwelik getree met Elise Gericke. Uit die huwelik is twee kinders, 'n dogter en 'n seun, gebore.

„Die geskiedenis vergoed ons enigsins vir die kortheid van die lewe." Hierdie uitspraak het dr. De Kock by geleentheid aangehaal. Ons glo dat dit ook die geval in sy lewe was, wat inderdaad „kort" was, en waar ons meegevoel aan sy nabestaandes betuig wil ons dit, hierdie uitspraak, as trooswoord daaraan toevoeg. Hy het dinamies gelewe en hy het 'n vol en vrugbare lewe gehad — waartoe sy bemoeienis met die geskiedenis grootliks bygedra het.

*Van die Redaksie*